ds. PJ Kriel Begrafnis Margaret Roets 08.02.2016

Inhoud. God laat ons groter en anders wees as hoe ons in ons depressie ons self ken en glo. Die worsteling met God wat teenwoordig God bly vir iemand wat in depressie leef en sterf.

Skriflesing Ps. 42 1 Kor. 15:505 -58.

Teks Ps. 42: 12 “Waarom kwyn jy weg, my siel, en is jy so onrustig in my? Hoop op God want ek sal hom my God, weer loof vir die verlossing wat sy teenwoordigheid bring.” (DAV)

Tema: God bly die lewende teenwoordige God in sy troue liefde in ons depressie, isolasie en dood.

1. Ps. 42 is ’n gebed geskryf in depressie en isolasie.

Die isolasie is verwydering van dit wat ons ken as die gemeente en kerklike lewe met medegelowiges weens persoonlike omstandighede. Die persoonlike omstandighede van die skrywer kan ook net soos met alle depressielyers maklik op een of ander manier deel van sy depressie gewees het.

Die skrywer se depressie en isolasie in sy depressie sien ons duidelik in die aanhoudende teenstrydige en wisselvallige gemoedstemmings in die Psalm.

Waar hierdie depressie die duidelikste uitstaan, is die kontras tussen

- die beelde van ’n rooitakbokooi wat smag na waterstrome, uitgeput deur somerhitte in dorre streke en

- die beeld van die weergalming van groot watervalle.

Lees ’n mens hierdie twee beelde saam dan gaan dit oor iemand wat smag na water terwyl hy by groot watervalle sit.

Dit is die werklike gemoedstoestand van depressie: om by alles te wees wat jou kan beter laat voel en nou steeds nie beter te kan voel nie.

2. Die plek waarin hierdie Psalm in die gemoed van die skrywer gemunt is, is in die Hermonberge in Noord Palestina.

Hierdie omgewing is net so teenstrydig en wisselvallig soos die Psalmskrywer se eie gemoed. Die Hermon gebergte is waterryk weens die sneeu op die hoë bergtoppe maar die berge self is in semi-woestyn omgewing.

Die diepte en omvang van die depressie van die skrywer wys eerstens op die kontras dat hy by die watervalle sit, maar voel hy smag van dors, maar veral daarin wanneer hy met hierdie versugting en gesmag na die oorvloedige en bruisende water kyk, sien hy nie heerlike water om sy dors te les nie.

Dan sien hy net weer sy eie depressie en isolasie binne in die water wat juis sy dors moet les. Hy sien nie die uitkoms uit sy dors in die water nie. Hy sien net die golwe en onstuimige gebruis van die water wat hom wys op sy gevoel van om deur alles oorweldig te word.

Die skrywer se depressie wys ook uit sy manier om in die verlede te leef en alles wat goed is in die verlede terug te vind terwyl hy eintlik die hele dag bedroef en huilerig is.

Daarom stel hy dat in sy teenwoordige lewe is trane dag en nag sy brood. Hy leef op sy depressie en teer op sy depressie en alles wat nog goed voel is iets in die verlede.

3. Die geloofsworsteling van die skrywer gaan oor die gevoel van godsverlatenheid binne sy depressie en isolasie.

Dit is die werklike wisselvalligheid waarmee die skrywer worstel.

In sy rou waarin hy elke dag leef van “trane is dag en nag my brood”, kan hy nie positief terug antwoord op hulle wat hom spot en wysmaak dat hy godverlate is met die vraag: “Waar is jou God nou” nie.

Uit sy eie gemoedstoestand en isolasie kan hy homself nie verweer en vertel dat God vir Hom goed is en teenwoordig is in sy lewe nie.

Hierdie vraag van spot en verwyt is sy eie gevoel van vertwyfeling dat God werklik vir hom afwesig is.

In sy eie neerslagtigheid, en sy vertwyfeling in sy eie neerslagtigheid, voel hy homself nie deel van die teenwoordige liefde, trou en sorg van God nie.

4.Diep in sy hart weet hy egter dat sy gevoel van depressie nie die waarheid is oor God in sy lewe nie.

Daarom veg hy teen hierdie depressiebeelde van godverlatenheid en raas hy herhaaldelik en aanhoudend met homself in die woorde: “Waarom kwyn jy weg, my siel, en waarop is jy so onrustig in my?

Dit is die werklike krisis van enige depressielyer: dat jy weet jou gevoel is nie die waarheid van wat met jou gebeur nie, maar jy weet ook nie hoekom jy anders voel as wat die waarheid is nie

Daarom is die vraag waarom kwyn ek so weg, terwyl alles wat ek oor wegkwyn nie werklik is en die waarheid is nie, deel van die geloofsworsteling met God binne in die diepte van depressie

Dit is die regte rede vir die wisselvalligheid, die onstuimigheid en gevoel dat enige iets en alles my oorweldig en onderkry soos die Psalmskrywer dit stel:

“al u dienings en golwe het my oorspoel” met die ironie dat dit juis God se uitkoms op sy dors is waarin hy weer oorweldig en magteloos voel.

5.Die werklike rede vir hierdie worsteling is egter nie die depressiewe gemoedstoestand van die skrywer nie.

Dit is God self!

Dit is wie God regtig en werklik in die lewe van die skrywer is wat maak dat hy met God worstel in sy depressie.

God wie werklik God is en doen wat God werklik doen, ongeag juis depressie, noem die skrywer die lewende God.

Hierdie lewende God is iemand anders as die god van my gemoedstoestand, die god van my eie depressiebeelde en die god wat ek nie teenwoordig kan voel nie.

Dit is die besondere van wat in hierdie Psalm gebeur.

In ’n Psalm wat geskryf is in depressie en waarvan elke deel van die Psalm hierdie depressie wys, word die diepste geloofsbelydenis gemaak oor God se troue liefde. Dit is amper soos met Koos du Plessis wat as depressielyer vir ons die enigste blymoedige somerkersfeeslied in die wêreld geskryf het: “Gee ons ’n helder somer Kersfees.”

In vers 9 word hierdie belydenis so gestel: “Bedags sal die Here sy troue liefde laat geld, en snags sal ’n lied vir Hom in my opkom, ’n gebed tot die God van my lewe.”

Met hierdie geloofsvertroue in die lewende God getuig die skrywer dat hy weet wie God regtig is buite sy eie depressie.

Dit is juis omdat God anders is as wie hy voel dat God is, dit is juis omdat die lewende God besig is om sy troue liefde te bewys terwyl hy depressief is, dat hy hierdie geloofsbelydenis oor God maak.

Omdat God anders is as hoe hy voel, gebeur die wonder met hom – in die nag wanneer ek nie kan slaap nie, depressielyers kan nie deurslaap in die nag nie, dit is juis die tyd waarin hulle op hulle meeste geïsoleerd is,

- kom daar ten spyte van hoe hy voel in my hart ŉ lied op vir die Here,
- ŉ gebed op in sy hart vir die Here van my regte lewe, nie die een waarin hy in ŉ mislukking voel nie.

6.Omdat God regtig die lewende God is, is God die Rots waarop hierdie skrywer vasstaan en die Hoop waaraan hy vashou.

Daarom kan die absolute teenstrydige gebeur: Hy kan by God op die volgende snaakse manier kla, "My rotsvesting, waarom het U my vergeet?"

Hy kla in sekuriteit dat sy klagte nie waar nie nie! My rotsvesting, waarom het u my vergeet?"

En hy weet hy mag maar so kla, want God is nie die dooie God van sy depressie nie, God is die lewende God wat regtig sy Rots is. Want is sy hart weet hy hy kla oor sy gevoel van godsverlatenheid wat nie waar is nie, maar hy nie kan verstaan of weet hoekom hy so voel nie.

7.Die absolute teenstrydige gebeur ook in sy selfaanmoediging om te hoop in sy gevoel van hopeloosheid.

"Hoop op God, want ek sal Hom weer loof vir die verlossing wat sy teenwoordigheid bring."

Ons mag nie hierdie selfoproep tot hoop verwar as die versugting om weer in die erediens te wees nie.

Die erediens het heel ander betekenis in skrywer se lewe: daar met ander se lofliedere en aanbidding kon hy meer wees as sy eie depressie, daarom was dit vir hom altyd so kosbaar.

Hoop gaan oor die die werklikheid dat die lewende God se teenwoordigheid werklik is, al voel hy dit nie. Dit is die hoop waarin die skrywer leef ten spyte van homself.

Daarom kry ons ook die besondere aksent dat die teenwoordigheid van die Here verlossing bring. Die werklike teenwoordigheid van God in sy troue verbondsliefde bevry die skrywer van die isolasie en waanbeelde van godsverlatenheid binne sy depressie.

Daarom is hierdie teenwoordigheid van God wat werklik is ook die hoop van die skrywer, die hoop dat hy weer bevry uit sy eie waan van godloosheid God weer kan loof, eer en dank omdat sy teenwoordigheid nie deur sy depressie verdring word nie.

Dit is werklik hoop in depressie: God is altyd teenwoordig en anders as wat ek voel. Daarom hoef ek nie in my eie depressie weg te kwyn nie. God se teenwoordigheid in sy troue liefde laat my meer wees as my eie verlatenheid binne my eie depressie en isolasie.

Jesus Christus is die lewende Here.

Dit is die aankondiging van Paulus in 1 Korintiërs 15. Hy het die werklik as mens uit die dood weer lewend mens geword en is vandag lewend mens om as Here, die lewende Christus, die lewende God-met-ons te wees.

Die lewende God wat in liefde en genade altyd God teenwoordig is by sondaars. Ons eie sonde wat die krag het om ons van God te vervreem en godverlate te laat leef, is werklik verbreek.

Die angel en krag van sonde en dood, godverlatenheid, het Christus self gedra om altyd die teenwoordige Here by en met sondaars te wees.

Jesus Christus is as teenwoordige Here altyd groter as ons eie gemoedstoestande oor God, onsself en ons eie lewe. Hy laat ons elke dag leef in God se troue liefde of ons dit nou aanvoel of nie.

Dit is die deurbraak van sy opstanding uit die dood: ons leef in die troue liefde van die teenwoordige God vir ewig.

Ons mag nie in Margaret se smart en depressie – 'n godverlatenheid sien nie.

Sy kon juis so met God worstel en haar self by Hom bekla omdat Hy as God vir haar ook deur haar hele lewe met depressie die lewende Here teenwoordig is sy troue verbondsliefde was.

Waar sy haar self die diepste geïsoleer het, het God nog steeds deur mense om haar sy troue liefde bewys.

Waar sy haar van een ondersteuningsgroep, een gemeenskap onttrek het, het God haar weer deel van 'n nuwe ondersteunende gemeenskap gemaak, sodat sy haarself nooit in haar eie depressie so kon oorgee dat sy daarin weggekwyn het nie.

Dit is juis die getuienis van God se troue liefde wat ons ook in haar lewe moet raaksien en die Here voor moet dank, eer en loof.

In die nagte waarin sy nie kon slaap nie, in die verlede waarin sy haar geluk gesoek het en in die gebrek wat sy in alle oorvloedige geleenthede raak gesien het, was dit juis sy troue liefdevolle teenwoordigheid wat gemaak het dat sy Hom nog steeds kon loof, dank en eer en die wonder kon ervaar dat sy ten spyte van haarself Hom as God kon aanroep.

Sy troue liefdevolle teenwoordigheid was altyd weer haar Rots en haar Hoop.

Daarom kon sy ook in al die smart en verlies wat sy in haar lewe moes dra altyd vir God behoue gebly het, al was dit met gesug en gekla teenoor Hom wat haar sekuriteit en anker is.

Vir ons wat vandag van Margaret as ouma, ma, suster en vriendin moet afskeid neem moet die Lewende Here ook ons Rots en ons Hoop wees.

Vir Hom is Margaret nie dood nie.

Vir Hom is en bly sy die lewende Margaret, nou na siel en met die Here se wederkoms, die Margaret wat weer uit die dood lewend mens sal wees na liggaam en siel.

Die Lewende Here sal haar in die lewe wat Hy vir Homself uit die dood geskep het, ook laat deel, net soos sy haar hele lewe in sy sterwe en kruisiging gedeel het.

Daarom is haar dood vir ons 'n afskeid, sonder dat ons haar verloor in die mag van die dood – afwesigheid en isolasie. Sy is vir ons nou afwesig, maar sy kan nie nou by die Here, die Lewende Here, Godverlate wees nie. Hy is en bly vir haar die teenwoordige Here, teenwoordig is sy troue liefde.

Ons mag ook nie vandag in ons eie skuld en verwyte oor haar ons self laat wegkwyn asof ons in die isolasie van haar depressie moet voort leef nie.

Sy was baie meer as haar gevoel van afwesigheid en isolasie, want die lewende teenwoordige Here het haar in de regte lewe laat deel, al kon sy baie min daarvan voel en haar eie maak. Die lewende Here het ons ook verryk en geseën met en deur haar lewe, waarvan drie kleinkinders vandag hier getuig.

Ons mag nie deur haar beelde van afwesigheid en isolasie oor haar self, die werklikheid van die liefde en seën wat sy ook met elkeen en almal gedeel het, laat wegkwyn nie. Want binne die teenwoordigheid van God in sy troue liefde het hy haar liefde ook deel van die werklike lewe laat bly.

So is en bly dit vir ons ook behoue.

Nog minder mag ons vandag onsself laat wegkwyn in die verwyte dat ons nie vir haar en met haar kon wees nie.

Depressie is ŉ siekte wat diep ingryp op elke mens met wie so persoon saamleef. Ons kan nie met ons liefde en pogings om haar te bereik en met ons te laat leef, haar siekte vir haar verander het nie.

Daarom mag ons ook nie in die selfverwyt en skuld leef van hoe ons meer of anders moes gewees het nie.

Ons kon nie vir haar die Rots en Hoop wees wat die lewende Here in haar lewe is nie. Dit is wie Hy is en wat Hy doen op so wyse dat Hy groter en anders is as wie sy vir haarself is.

Daaroor mag en kan ons net treur oor ons verlies met en van haar, wat kon wees langs bruisende watervalle, maar nie gebeur het nie, weens die gesmag in somerdroogte langs watervalle.

Daarom het Hy haar elke keer deur elke poging van liefde, hulp en ondersteuning ook versorg en behoue laat bly, ook elke keer as sy weer haarself afwesig en onbereikbaar gemaak het.

Kom ons eer God vir wie Hy vir haar is en sal wees; haar Rots en Hoop. Kom ons eer God vir wie Hy haar gaan laat wees: ŉ mens sonder hierdie mensvervremende siekte in ŉ nuwe skepping waar ons elkeen sy teenwoordige liefde en trou sal kan erken en aanvoel vir wat dit werklik is.

Kom ons leef in die sekuriteit van die teenwoordigheid van die Lewende Here in sy troue liefde. Dit sal altyd meer en groter wees as wat ons kan voel en sien – en dit is ons Hoop op ŉ lewe wat ons nie kan verstaan of voorspel nie.

Omdat Hy die lewende God is, weet Hy ook hoe om die teenwoordige God te wees vir hulle wat langs watervalle smag van dors en terwyl hulle dorstig is, in watervalle net oorweldig voel in plaas daarvan om gelaaf te word.